RAADSBELEID

ONDERWERP : DIE GEBRUIK VAN MUNISIPALE SWEMBADDENS EN -TERREINE VIR BEIDE SPORT EN REKREASIEDOELEINDES

VERWYSING : 17.7.1.1.1

BESLUIT NR : 12.7/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Die beskikbaarstelling van swembaddens en -terreine aan alle gemeenskappe.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken die behoefte van die gemeenskap vir die gebruik van munisipale swenbaddens en -terriene.

RIGLYNE

1. Die Munisipale Swembaddens is primêr opgerig vir publieke ontspanning (sosiaal) maar daar word ook vir sportbeoefening en swemafrigting voorsiening gemaak.

2. Toegangsgelde soos jaarliks vasgestel in tarieflys, word deur alle persone wat swembadpersele betree, betaal.

3. Skole wat gedurende skoolure van die swembaddens gebruik maak, betaal ‘n bedrag per skool/groep per seisoen, soos in die tarieflys vasgestel.

4. Oefeninge/afrigting

   4.1 Swembaddens word tussen **15:00** en **18:00** op weeksdae en tussen **08:00** en **10:00** op Saterdae, vir swemoefeninge/afrigting beskikbaar gestel.

   4.2 ‘n Gedeelte van die swembad word gedurende voormelde tye fisies vir swemoefeninge/afrigting afgebaken.

   4.3 Swembaddens, word op Saterdae tussen **11:00** en **13:00** en op weeksdae tussen **19:00** en **20:00** aan duikklublede vir oefening beskikbaar gestel. Hierdie oefeninge vind slegs aan die diepkant van die swembaddens plaas.

5. Gala’s

   5.1 Swembaddens mag in totaliteit vir swemgala’s gehuur word teen ‘n tarief wat jaarliks vasgestel word.

   5.2 Datums van gala’s tesame met die nodige betaling, moet verkieslik aan die begin van die swemseisoen, maar in elk geval nie met ‘n korter kennisgewingsperiode as een week vooraf nie, met die Parke en Rekreasie afdeling uitgeklaar word.

6. Die gebruik van die swembadsaal by die Dorpswembad

6.1 Die gebruik van die swembadsaal is onderhewig aan voorafbespreking.

6.2 Die verhuring vind volgens die Raad se goedgekeurde tarieflys plaas en sluit geen voorsiening van stoele of tafels in nie.

6.3 Die saal word weens die geraasoorlas vir die omliggende woonbuurt, nie vir danse beskikbaar gestel nie.

7. Die gebruik van die braai area by die Dorpswembad

7.1 Die tariewe betaalbaar is soos per goedgekeurde tarieflys en behels die verhuring van die terrein aangrensend die swembadsaal. Die terrein word vir die aanbied van funksies tot ‘n maksimum van 50 persone beskikbaar gestel.

7.2 Toegang tot die terrein word deur die hooftoegang van die swembadkompleks verkry.

7.3 Wanneer die terrein gebruik word tot na die amptelike ure waartydens die swembad vir die publiek beskikbaar is, word die hek tussen die terrein en die swembad gesluit.

7.4 Geen steurende musiek mag saans na **21:00** op die terrein gespeel word nie. (Weens die geraasoorlas vir die omliggende woonbuurt.)

8. Die swembaddens is op Kersdag vir die publiek gesluit.

9. Spesiale versoeke moet aan die Munisipale Bestuurder vir beslissing voorgelê word.

PROSEDURE

Alle besprekings vir bostaande geriewe moet ten minste **7 dae vóór** die gebeurtenis by die Parke en Rekreasie afdeling gedoen word.

ROLLE

Die Parke en Rekreasie Afdeling se sub-afdeling Dienste.

VERWANTE BELEID

Tariefbundel van die Raad en swembadverordeninge.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.